DEEL 115 | WEEK 39 | 29 SEPTEMBER | 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Streekslanddros se man aangekla van moord

Inwoners van Heilbron is steeds verslae nadat die nuus bekend geraak het dat streekslanddros Mamello Thamae (40), se liggaam Vrydag in die bagasieruim van haar man se voertuig gevind is. Die nuus dat Heilbron se streekslanddros vermis word, het Vrydag soos 'n veldbrand deur die dorp versprei. Die hoë polisie verteenwoordiging by haar huis het ook ongegronde bespiegelinge laat onstaan.

Volgens inligting het die gesin se kinderoppasser Vrydagoggend alarm gemaak toe sy nie Thamae of haar man, Lehlohonolo Maketoane in die huis kon vind nie en is daar ook bloed kolle in die huis opgemerk. Die SAPD wat vinnig op die toneel was, het opgemerk dat die een voertuig vermis word.

Daar is vinnig opgetree om die kamera netwerk in kennis te stel en kon hulle sien dat die voertuig deur Bethlehem is en later deur Ficksburg beweeg het. Die vermoede het ontstaan dat die voertuig op pad na Lesotho is. By nadere ondersoek op die toneel is agterdog gewek toe opgemerk is dat Thamae se selfoon en klere steeds in die huis is, maar haar man se klere en foon nie daar is nie.

'n Hoëprofiel soektog is op tou gesit en met die samewerking van die Lesotho Mounted Polisiediens is die voertuig later die dag in Lesotho by 'n gastehuis in Mokgotlong opgespoor. Die lewelose liggaam van streekslanddros Thamae is in die kattebak gevind. Lehlohonolo Maketoane is gearresteer en is steeds in aanhouding.

Volgens Kaptein Lorraine Earle is die SAPD in kontak met die Lesotho Mounted Polisiediens met betrekking tot die repatriasie van die slagoffer se liggaam na Suid-Afrika vir die lykskouing. Maketoane bly in aanhouding daar en sal die uitlewering proses van die verdagte sy gang loop. Hy het in Lesotho in die hof verskyn op aanklag van moord, waarna die saak uitgestel is na 9 Oktober 2023.

***Op die foto: Lehlohonolo Makotoane.***

Foto erkenning: Lesotho Mounted Police Service Facebook-blad.

## *In liefdevolle herinnering aan*



Die gedenkdiens van Mamello Thamae, streekslanddros, het Donderdag om 13:00 by die polisiesaal op Heilbron plaasgevind, waar kollegas en vriende bymekaar gekom het om van haar afskeid te neem.

Haar kollegas onthou Mamello as 'n vrou wat altyd netjies op haarself was en 'n diep kennis van die Reg gehad het. Sy het ook al opgetree as 'n waarnemende regter in die hooggeregshof. Volgens haar kollegas was sy streng, maar regverdig. Sy was 'n vriendelike persoon wat haar bes gedoen het om mense te akkommodeer. Sy het altyd probeer om haar in die ander persoon se posisie te stel om die omstandighede beter te verstaan. Haar stralende persoonlikheid, soos deur haar kollegas beskryf, sal gemis word.

*Op die foto: Mamello Thamae.*
*Foto erkenning: IAdvocate Minenhle Mgubane Facebook-blad.*









# Outstanding performance

• *N Bucibo & SP Thabane*

Kearabetswe Primary School is geographically located in the Free State Province, Fezile Dabi District-Circuit, 02 in Heilbron township called Phiritona at 2240 Lennon Street. As a school, we would like to announce the outstanding performance of our children in our athletics and drummies majorettes respectively. Our athletes started by representing our community as Ngwathe and went on to represent Fezile Dabi as a district. On the 30th of September 2023, they are going to represent the Free State as a whole in Limpopo at National level. Drummies majorettes also did an impressive job by winning from town level, and all the way to provincial level in a sensational manner, in which they maintained the first position throughout the entire competition. The school believes that sports have a positive impact on student's behavior and learning, as it allows your child the opportunity to explore different areas of interest. It increases self-confidence, builds leadership skills and even improves grades - all while having fun. The engine behind the success of the school is Mr T.D Mojaki as principal and Mr Maseli as sports chairperson. The school appreciates Mr Mohlamme 'Datly' Thabang and Mr Mofokeng "Popeye" Molefi as our athletics coach. As well as Victor "Vinikita" Serobe for leading the drum majorettes. The vision of Kearabetswe Primary School is to nurture the balanced development of body mind and spirit. Leading to the fulfilment of each individual's potential within the broader community in all its diversity.



# Gesonde hart vir 'n gelukkige lewe

• *Heilbron Kliniek*

September is bewustheidsmaand vir hartgesondheid, wanneer gesondheidspraktisyns poog om die publiek op te voed oor die belangrikheid van 'n gesonde hart.

Dis nie net nodig om 'n gesonde lewenstyl te volg wat dieet en oefening betref nie, maar ook om bewus te wees van die simptome van moontlike hartsiekte.

Dit is uiters belangrik om gereeld cholesteroltoetse te laat doen, aangesien hoë konsentrasies cholesterol in die bloedsomloopstelsel een van die hoofoorsake van hartversaking en hartaanvalle is.

Die toetse kan vinnig by jou plaaslike apteek gedoen word en is glad nie duur nie. Die apteker sal ook die toetsuitslag met jou bespreek en jou raad gee oor hoe om jou cholesterolvlak te verlaag.

Hoë cholesterol, of oormatige lipiede (vet) in die bloed, veroorsaak dat die are vernou, wat verhoed dat bloed vryelik deur die hart vloei. Dit lei daartoe dat minder lewensbelangrike suurstof aan die selle gelewer word, wat die selle laat afsterf.

Wanneer die hartspier se selle afsterf, verswak die hart se vermoë om bloed na ander belangrike organe te pomp, wat veroorsaak dat die organe stadigaan faal.

Risikofaktore vir hartsiektes sluit in ouderdom, 'n familiegeskiedenis van hartsiekte, rook, gebrek aan oefening, en 'n ongesonde dieet. Soos jy kan sien, het jy beheer oor die meeste van dié faktore.

Dis ook belangrik om bewus te wees van die simptome van 'n moontlike hartaanval. Indien jy die volgende ervaar, kan jy dalk in die eerste fase van 'n hartaanval wees:

- Druk/'n Benoude gevoel in die bors met inspanning, wat met kortasemigheid gepaardgaan
- Skielike duiseligheid, sweet en naarheid
- 'n Dowwe pyn in die kaak, linkerarm en rug

Hartaanvalle is soms atipies, deurdat die simptome wat ervaar word, nie algemeen deur die meeste mense ervaar word nie. As jy vermoed dat jy wel besig is om 'n hartaanval te kry en jy al die risikofaktore toon, moenie huiwer om 'n ondersoek by 'n hospitaal te laat doen nie.

Voorkomende maatreëls soos om op te hou of minder te rook, hoë bloeddruk en cholesterol te bestuur, gereeld te oefen en 'n gesonde dieet te volg, is belangrik.

Medihelp bied voordele vir voorkomende sorg vir cholesterol op die meeste van sy voordele-opsies.

*Bron: www.er24.co.za*
*In 'n noodgeval,*
*skakel ER24 by 084 124.*



# UIT DIE PEN: *Week 39 van 2023*

My tante was 51 jaar ouer as ek. Toe ek dus my drie breinselle gekry het, wat sy al redelik oud, grys en klein. Nie dat ek dink dat 51 oud is nie. Daardie jare het ek wel so gedink. Deesdae ken ek mense wat nie weer 51 sal sien nie, maar wat jonger, flukser en meer aktief is as menige 21-jarige.

Ouderdom is net van belang as jy wyn of kaas is, sê hulle mos. Wie ook al "hulle" is.

Ieder geval, my tante het altyd vir my vertel van die outyd. Doerie jare. Saam met die vertellings het die depressiejare en my oupa se rol in die Anglo Boereoorlog ook ter sake gekom. My tante het steeds 'n wrewel teen die Ingelse gehad. Sy het nog brood geknie met 'n suurdeegplantjie wat miljoene jare oud was. Ja, seker nou nie miljoene jare nie, maar amper so oud.

Sy kon vet, spierwit, lank uitgerysde beskuite bak. Koffiedriewe, het my gryse ou pa dit genoem. Haar melkterte was legendaries, maar geeneen van ons het ooit 'n resep daarvoor gesien nie. Soms dink ek sy het dit opgemaak soos wat sy aangegaan het.

Wat my laat dink het aan die outyd. Wanneer was dit? Party sal sê toe ons grootouers jonk was. Ander sal dink dit was voor 1994. Ander verwys na hulle kleintyd as die outyd. Maak nie saak hoe jy daaraan dink nie.

Daar is goed in die outyd wat nie meer is nie. Party was sommer die ander dag nog hier, ander het al in vergete se tyd verlore geraak. Ek het vir my 'n lysie van dinge gemaak wat ek kon onthou en wat ons nie meer in die handel en wandel kry nie.

Ek het as hoërskoolleerder Yardley se Black Velvet parfuum gebruik. My rooikopsussie het eendag laat weet dat sy 'n apteek in Bloemfontein opgespoor het wat nog 'n voorraad daarvan het, en ek het by haar geld geleen om 'n paar botteltjies te koop. Die goeters is toe so skelm-skelm van die rakke verwyder.

Onthou jy pikkies? Dit was so 'n driehoekie met kondensmelk in. Ek het nog van babapoeier geruik toe ek dit die eerste keer geproe het: my groot boeties en rooikopsussie het vir my ene gekoop wanneer hulle by die dorp se fliek was. My oudste boet glo dat ons familie ingeteel is met die geen kondensmelk-affiniteit. Ons sal vuisslaan vir kondensmelk.

Kleintyd het ons altyd 'n blikkie kerrievis in die koskas gehad. Destyds wou ek dit glad nie eet nie, maar hoe ouer ek word, hoe meer mis ek dit. Yskoud op 'n broodjie. Man, koningskos. Nou kos 'n houertjie kerrievis 'n week se salaris. Dis nou by daardie winkel met die swart W voor-op.

Gepraat van vis: nie lank gelede nie is Redro ook sommer van die mark af. Saam met dit Peck's Anchovette. Jy het vier dae lank daarna gestink, maar dit was heerlik. Onthou julle nog die "wedwou"-advertensie? Dan was jy vissmeer-eter.

Ek kan onthou dat my ma kleintyd iewers in 'n hospitaal was. My pa het daardie middag vir my en hom 'n pakkie Royal Cream koekies gekoop. Nie Romany Creams nie, Royal. Dit was amandel gegeurde brosbrood met wit versiersel tussen die lagies koekies. Dit het in jou mond gesmelt. Dit laat my altyd aan my ma in die hospitaal dink.

Sugus. Onthou jy die plat pakkie met vierkantige vrugte gegeurde toffies? Ek lees dat dit in 1931 die eerste keer die lig gesien het, en in 1990 deur Kraft oorgekoop is. Ek het dit nog nie weer in 'n winkel gesien nie. Wel namaaksels daarvan.

My Ina-vriendin in Qatar het 'n swakheid vir Chocolate Logs. Ek weet dat ek eenkeer vir haar 'n handvol daarvan vanaf Suid-Afrika soontoe geneem het. En eensklaps is Chocolate Log van die mark af. Sondagmiddae het ek die lekkerte agter 'n toe kamerdeur geëet: eers die punte afgebyt, dan die taai malvalekker met my vingers opgerol. Dan die wafelkoekies met sjokolade eet. Teen hierdie tyd is alles met malvalekker besmeer. Heel laaste het ek die malvalekker geëet.

Blou Crunchies! Nee, die Crunchies was nie blou nie. Dit was in wit sjokolade gedoop. Dieselfde Crunchies in die goue omhulsel wat in bruin sjokolade was, maar net so lekker. Gepraat van wit sjokolade: Echo en Snow Flake was min of meer dieselfde ding: bruin flake met wit sjokololade om. My rooikopsussie en my swaer het desjare in Windhoek gebly en ek het met een geleentheid vir haar 'n boks vol daarvan gestuur. Eintlik was die groot gedeelte van die boks vol toiletpapier, want ek wou nie hê dat die goed moes krummel nie.

Sout-en-Asyntjippies is die lekkerste ooit. Ek dink Pringles moet die prys kry vir die lekkerste tjippies ooit, maar ruk soms jou sak. Dit sou my eerste keuse van sout-en-asyn wees. Tweede was Simba s'n. Dankie tog dat Simba eers 'n meningsopname gedoen het voordat hulle dit van die mark onttrek het. Maar toe bly die tamatiesous geur in die slag. Ek kan onthou hoe ek die lekkerste skyfies uitgesoek het: dié wat so rooi aan die kant was. Eers het ek die geursel afgelek en daarna die tjippie geëet. Weereens agter 'n toe deur, want my ma sou my darem vreeslik die leviete voorgelees het.

Behalwe dat my parfuum nie dieselfde is was die kossoorte wat ek opgenoem het nie, is dit die "outydse" geure wat ek kan onthou.

Behalwe vir die reuk van gesnyde gras, vars waatlemoen, 'n nartjie en 'n omgeploegde land, wek hierdie 'n soort nostalgie wat my steeds aan my kleintyd laat dink.

Sommiges dink terug aan die outyd en dink net aan hoe swaar hulle gekry het. Ja, ons het almal. Maar selfs deur die swaarkry was daar lekkerkry.

Vandag se les is om jou terugkyk-tyd te waardeer vir oomblikke wat jy in jou gedagtes kan vashou en kan koester. Veral op daardie dae wanneer die toekoms vir jou donker lyk.

# Ngwathe senior bestuur - krisis duur voort

"Die bestuurskrisis op senior bestuursvlak in die Ngwathe Munisipaliteit gaan nog 'n geruime tyd voortduur," sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe. "Tydens 'n dringende spesiale vergadering van die Raad gehou op 21 September 2023 is raadslede verwittig dat komplikasies met tydslyne veroorsaak het dat geen aanstellings voortspruitende uit die vorige advertensies van die vakante posisies van munisipale bestuurder en drie direkteure gemaak kon word nie en dat al die poste weer adverteer moet word".


Die poste van munisipale bestuurder asook dié van die direkteure van gemeenskapsdienste, korporatiewe dienste en finansiële dienste is tans lank reeds vakant. "Die direkteur van tegniese dienste was geskors deur die Raad weens pligsversuim, maar dit het sedertdien geblyk dat die dissiplinêre proses wat gevolg moes word verbrou was en het sy skorsing op 13 September 2023 verval. Hy is dus nou terug in diens ten spyte daarvan dat 'n enorme vertrouensbreuk tussen hom en die Raad weens die gebeure ontstaan het," sê raadslid Van der Merwe verder.

Herald het reeds voorheen berig oor die reuse gebrek aan kontinuïteit by die munisipaliteit wat veroorsaak word deur die wetlike voorskrif dat 'n persoon nie as waarnemend in 'n bepaalde pos aangestel mag word vir 'n periode langer as drie maande nie en die gevolglike voortdurende verwisselings op senior bestuursvlak. Volgens raadslid Van der Merwe wil dit bykans voorkom asof amptenary die Raad saboteer wanneer dit by die uitvoering van dissiplinêre prosesse kom. Hy noem as verdere voorbeeld hiervan die Mosie van Wantroue wat die DA meer as 'n maand gelede reeds met steun van ander partye, ook die Vryheidsfront Plus, teen die uitvoerende burgemeester, raadslid Victoria Mtombeni-De Beer, by die munisipale bestuurder ingedien het.

Ooreenkomstig die Raad se Staande Reëls moes die munisipale bestuurder die Mosie onmiddellik na ontvangs daarvan aan die speaker oorhandig het wie weer 'n raadsvergadering nie minder as veertien en nie meer as een en twintig dae na ontvangs daarvan deur haar moes belê waarop die mosie gedebatteer kon word. Tans word raadslede geensins ingelig waarom die proses nie vorder nie en bly navrae gerig aan die munisipale bestuurder onbeantwoord.

"Intussen verdiep die bestuurskrisis in die munisipaliteit voortdurend en word dienslewering by die dag meer daardeur ge-affekteer. Omdat die hele lang proses om die belangrike vakatures te vul nou weer van meet af aan aangepak moet word is dit onwaarskynlik dat persone voor 1 Januarie 2024 in enige van die vakante poste aangestel sal kan word. Tot dan sal die munisipale skip stuurmanloos bly ronddobber sonder dat inwoners enige konkrete verbetering in dienslewering te wagte kan wees," sluit raadslid Van der Merwe af.

# Dansfees by Step by Step Dans Studio



Vrydag, 22 September, was dit tyd om die dansskoene uit die kas te haal en die heupe los te skud, want Step by Step Dans Studio het hulle 20ste bestaansjaar gevier. Maar, oei, wat 'n fees van pret en plesier was dit nie! Van die "tinieste" voetjies tot die grootste stappers het hul beste danspassies uit die hoed getower. Tanya Claasen, die dans-afrigter en in 'n klas van haar eie, het nie een kind onaangeraak gelaat nie. Sy het bewys dat sy nie net 'n dans geograaf is nie, maar ook 'n dansmeester. Sy het die dans passies so perfek uitgewerk vir elke ouderdomsgroep dat selfs die "babas" in die groep hulle beste "moves" uitgehaal het. En wat van die Bad Romans dansie? Dis 'n geheim waarvan Lady Gaga se 'poker face' groen van jaloesie sou uitslaan! Die kinders het die dansvloer oorheers met die briljante ritme en danspassies wat stories vertel. Die pret het immers nie daar gestop nie. Armand Hofmeyr het die gehoor vermaak met 'n paar van sy liedjies, en selfs die persone met twee linker voete het begin dans soos Elvis Presley! Tanya en haar span het nie net gesorg vir heerlike vermaak nie, maar ook 'n feestafel gedek wat enige koning en koningin sou laat bloos van afguns. Terwyl die volwassenes lekker gekuier het, oor die kos geroem het, het hulle ook gespog oor die energieke danspassies wat hulle kinders uitgevoer het. Dit was 'n aand om te onthou, waar die glimlagte en die gehoor van "awhhh oulik" vrylik gevloei het. Waar almal besef het dat dans, lag, en liefde die ware geheime bestanddeel is om 20 jaar van sukses te bereik. Hierdie is 'n dans studio wat weet hoe om 'n stappie vorentoe te neem en die gemeenskap te laat dans met 'n glimlag op elke kind se gesig. Op nog 20 jaar van danspret!










# INSPIRASIE RESEPTE -


Pasch du Plooy

This salad should be part of your weekly lunch routine. With summer fast approaching, it's our absolute go for an easy, healthy and delicious lunch, it's so nice and crunchy. But the best part is all the ingredients can be prepared a day in advance and just assembled when ready to serve.

**LOADED CHOPPED SALAD WITH CREAMY SALAD DRESSING**

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – only assembly time, about 10 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the salad**
4 grilled chicken breasts, cut into small blocks
2 avocados, cut into halves and sliced
1 cup chopped crispy bacon
1 cup crumbled feta
1 cup small tomatoes, sliced
1 red onion, chopped
1 cup frozen peas, defrosted
4 sundried tomatoes, chopped
2 sticks celery finely chopped
1 cup mixed herbs, chopped (coriander, mint, basil)
400g mixed salad lettuce
1 cup croutons
8 cucumber ribbons
Maldon salt and pepper


**Ingredients for the salad dressing**
1 cup mayonnaise
¼ cup olive oil
2 tablespoons honey
2 tablespoons Dijon mustard
Pinch of salt and pepper

**Method for the creamy dressing**
Combine the ingredients for the dressing in a mixing bowl and whisk to combine. Refrigerate until needed.

**Method for the salad**
On a large serving platter, arrange the lettuce evenly on the bottom of the platter. Place the avocado on the sides of the lettuce. Now start by arranging your toppings on the lettuce. Make sure that each ingredient is visible. Finish with the chicken and the croutons and garnish with cucumber ribbons.

Served the dressing on the side!

**Chefs note:**
It's always a good idea to serve you salad dressing on the side. This way leftover salads can last longer in the fridge.









HERALD Gemeenskapsnuus

# Heilbron-Suid hou hul Blyweesfees

Die vreugdevure het hoog gebrand toe die gemeente van Heilbron-Suid hul jaarlikse kerkbasaar of soos dit daar genoem word, Blyweesfees gevier het.

Reeds van vroeg af het daar groot vrolikheid geheers met 'n konsert wat die lagtrane laat spat het. Almal het behoorlik gesmul aan pannekoek, gebraaide sosaties, kerrie-en-rys en nog vele ander lekkernye. Al die pragtig versierde tafels het gekreun onder alles en nog wat. Buite die saal kon die jonges speel want allerhande interessanthede is vir hulle aangebied.


Dit was beslis 'n dag met mooi herinneringe wat nog lank onthou sal word.













# Lente-sports

Dit was 'n vrolike lente afskop vir die kleuters, ouers, familie onderwyser van Kleuterkasteel die afgelope naweek, toe hulle op Saterdag, 16 September 'n Lente-pretdag gehou het by Hoërskool Heilbron se sportvelde. Kleuters en ouers het saam, maar ook teen mekaar deelgeneem. Van kruiwa-stoot tot water balonne wat spat, daar is gehardloop en motorfietsresies gehou en natuurlik heerlik saam geëet. Baie dankie aan elke kleuter, ouer, familie-lid en onderwyser wat gedeel het in die dag se pret.

Dit is 'n besige lente- en somerseisoen by Kleuterkasteel. Die ingang het nuwe lewe gekry, daar word hard geoefen aan die konsert van Vrydag, 10 November 2023 en die opedag vind plaas op Woensdag, 25 Oktober 2023. Hou ons Facebook-blad dop vir meer inligting en deel saam in die opwinding.











**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of stuur epos na heraldnuus@heilbron.co.za**

# Tweeling VVA kuier heerlik saam





*Tweeling VVA het 'n lentebraai gedurende September-maand by die sentrum in die dorp aangebied. Daar is gebraai, getof en almal het heerlik saam gekuier.*

# 2-DAG STAAKBOERDERY VEILING

*namens Fanie van Rensburg Trust*

**Donderdag, 5 Oktober 2023**
**11:00, plaas Wonderheuwel**

**Vrydag, 6 Oktober 2023**
**11:00, plaas Mollsrust**



plase geleë tussen Parys en Sasolburg

**Moenie dié veiling misloop nie!**

## DAG 1 • 5 OKTOBER 2023 — MELKTOERUSTING & BEESTE



### 770 BEESTE

100 + 100 Koeie met Kalwers (4-6jr)
55 + 55 Koeie met Kalwers, 3-in-1 (4-6jr)
120 + 120 Eerstekalf Koeie met Kalwers (2-3jr)
130 Dragtige Koeie (4-6jr)
60 Oop Verse
30 Verse, by bul geloop
(12 dragtig, res te vroeg om te bevestig)



### MELKTOERUSTING

GUTH 2000ℓ/h Pasteuriseerder: Amazi Tubing, 2 x Dryden diesel boilers, 1 x Compact chiller, 400ℓ Room batch pasteuriseerder
Reda 2000ℓ/h Seperator • Buffalo 2000ℓ/h Homoginiseerder • Morefa x 8 nozzle bottle filler & printer
Lobomat sachet machine & printer • 8000ℓ Staal tenk, double jacket • 4000ℓ Staal tenk • 2500ℓ Staal tenk
1500ℓ Batch pasteuriseerder & Dryden diesel boiler • 8000ℓ Staal tenk, roerder & pomp • 40 Rotary Delaval
13-Ton meeltenk & bakkiehyser • 6 x 10 000ℓ Plastiektenks • 1 x 5000ℓ Plastiektenks • Sinkstoor - 22 x 60 x 6m
50 Koei eenheid stoor 184 x 27m

## IMPLEMENTE — DAG 2 • 6 OKTOBER 2023

### TREKKERS

2 x 1995 Fiat 100/90 • 1991 Fiat 100/90 • 1981 Fiat 980 • 2 x 1970 Ford 4000 • 2 x Landini 8500 (1 met baalvurk) • 2001 JD 6910 MFW
2003 JD 6320 MFW • 2006 JD 8330 MFW, skerm & receiver (9450 ure) • 2006 JD 6215 MFW • 2006 JD 6420 MFW • 2009 JD 6430 MFW (3107 ure)
2010 JD 6430 MFW (9127 ure) • 1970 Ford 5000 • 2012 JD 8285R, skerm & receiver, Rowcrop bande (8149 ure) • 2014 JD 9650, receiver & autotrac (5964 ure)
2002 JD 6620 • 2022 JD 8R250, skerm & receiver, Rowcrop bande (665 ure) • Ford 7600 parte

### STROPERS

625 Flex Head & Airreel met 25vt tafelwa • 2012 Agri-Cad TF 220 • Agritech dorsmasjien • 2 x 2018 25vt Ombu sonneblomkop • 2014 JD S660
2 x 2021 Drago 8-ry 3vt plukkerkop • 2012 JD 630 Flex & Airreel met 30vt tafelwa • 1996 JD 654A Rowcrop • 2015 JD S670
Stara sojaboon mengwa reboke 6000 • Van der Berg stroperwaentjie • Van Zyl Staalwerke rolsif

### PLANTERS

2 x 16-Ry, 3vt Implementhuas no-till raam JD 1750 planter units met precision planting V-Drive V-Set DeltaForce V-Apply HD clean sweep yetter row cleaners
Brilliant fijnsaad • 8-Ry Soilmaster koringplanter

**VOERTUIE • WAENS • IMPLEMENTE • VEEHANTERINGSTOERUSTING • PLOEË • SPUITE • GRONDVERSKUIWINGSTOERUSTING • KALKSTROOIERS • VOERMAAKTOERUSTING • GEREEDSKAP • NOG VELE MEER!**



**ROETE NA WONDERHEUWEL**
GPS: S26°55'54.1" E27°45'04.8"

**ROETE NA MOLLSRUST**
GPS: S26°58'31.9" E27°46'0.6"

**NAVRAE**
IMPLEMENTE: Danie van Rensburg - 082 654 4854
BEESTE EN MELKTOERUSTING: Gerhard van Rensburg - 082 650 6728 • Stephan van Rensburg - 082 654 8911
VLEISSENTRAAL: David Gerber - 082 489 7424 • Corjan de Jager - 079 506 8777 • Hugo Groenewald - 082 569 7205

PARYS / SASOLBURG

**VLEISSENTRAAL BETHLEHEM**
**058 303 5226**
**www.vleissentraal.co.za**

# Huppel Trippel speel toneel

Dawn Wessels en Boet van Zyl het gesorg vir ’n kostelike komiese toneeltjie. Die 32 aanwesiges het dit terdeë geniet. Ná hulle optrede het Wilna Pienaar almal vergas op aansteeklike trekklavier spel. Die gehoor het heerlik saamgesing. Soos gewoonlik is die oggend afgesluit met tee en ’n ietsie in die piering. Oor twee weke gaan almal hulle troufoto's saambring en vir mekaar vertel van die onvergeetlike herinneringe wat op hulle troudae gemaak is.





*Op die foto bo Boet van Zyl en Dawn Wessels.*
*Foto links: Wilna Pienaar met haar trekklavier.*




## Ons eie duo Superhelde

In 'n wêreld waar superhelde 'n "sidekick" of 'n getroue metgesel aan hul sy het, dink mens altyd aan Batman en Robin, Wanda en Vision, Antman en die Wasp. So het Heilbron ook hulle eie dinamiese duo van Superhelde. Hendra en Albie Schoeman is dalk nie Wanda en Vision nie, maar staan beter bekend as 'n kragtige span wat regtig 'n verskil in ons gemeenskap maak. Hulle is ons eie Heilbron helde, en hulle is nog beter as enige Marvel-karakter. Die Schoeman’s is 'n inspirasie vir ons almal, omdat hulle altyd gereed staan om 'n helpende hand uit te steek, of dit nou 'n opbeurende woord is vir iemand wat dit nodig het, of 'n broodjie vir 'n honger maag. Hierdie twee ongelooflike mense is altyd daar om te help, sonder om te huiwer. Hulle het 'n passie daarvoor om die gemeenskap te dien en om 'n positiewe impak op mense se lewens te maak. Dit is nie net in September dat ons hulle as helde erken nie, maar dit is elke dag van die jaar. Hulle is 'n konstante bron van inspirasie en positiewe energie in ons gemeenskap, en ons is ongelooflik dankbaar vir hulle onbaatsugtige diensbaarheid.

So, mag Hendra en Albie Schoeman, ons eie Wonderwerkers van Heilbron, vir altyd ons harte en gemeenskap vul met liefde en dankbaarheid. Hulle is ons Superhelde, en hulle maak Heilbron 'n beter plek vir ons almal.

## Micke doen dit weer!



*• Anita Buitendag*

Model Manifest Heilbron het die "Model of the month" toekenning uitgereik aan 'n betrokke model wie haar beste gee tydens klas, gereeld klas bywoon en uitblink gedurende 'n 2-maandelikse tydperk. Die toekenning het weereens gegaan aan Micke Albertse wie bogemiddeld presteer en uitblink met haar unieke styl in loopplanktegniek. Baie geluk Micke met die hoë gehalte loopplankwerk wat jy aanhou weergee.

## Model uitblinkers word bekroon

*• Anita Buitendag*

Model Manifest Heilbron se modelle het na afloop van hul praktiese eksamen, hul uitslae ontvang vanaf Manifest Hoofkantoor te Kempton Park. Heilbron se modelgroep het uitgeblink tydens die praktiese eksamen. Daar was nie een enkele model wie NIE goud verwerf het nie! Elke model van Model Manifest Heilbron se uitslae het bewys dat modelle uitsonderlik presteer, met algehele persentasies verwerf van 80% en hoër. Addisionele toekennings word gemaak aan die Junior en Senior model wie die hoogste persentasie verwerf het. Die "Best Overall Junior Model" toekenning, het gegaan aan Bella Fernandes, met 'n algehele persentasie van 86% verwerf, terwyl die "Senior Best Overall Model" toekenning aan Liza Grobler toegeken was, met 'n algehele persentasie van 85%. Baie geluk aan elke model wie haar beste gelewer het.





# Hoogte Boerevereniging se jaarlikse Braaidag

Die manne en vroue van Hoogte Boerevereniging het op Vrydag, 22 September hul jaarlikse Braaidag by Huis-Bron-van-Heil aangebied.

Dit was 'n heerlike sonnige dag en al die inwoners kon rustig onder die bome in die tuin saamkuier. Die reuk van braaivleis-vure het reeds vroegoggend in die lug gehang.

Daar is skaaptjops en wors tot perfeksie gebraai. Heerlike bykosse is bedien met 'n glasie wyn daarby. Die manne van Hoogte mag maar braai!



*Op die foto van die lede van Hoogte Boereverening agter vl: Johan Germishuys, Paul Keogh, John Keogh, Cassie Muller, FJ Roux, Hannes Myburgh en Simon Germishuys. Voor: Fanie Snyman.*



*Agter: Simon Germishuys, op sy skouers Reitz Roux, FJ Roux, op sy skouers Jan-Carl Roux, Alwyn Swart, Fanie Snyman, Johan Germishuys, Elizma Viviers, Kerneels Fourie, Thinus Verryne, Frans Muller en Cassie Muller. Tweede ry: Gawie Pretorius, Betsie Terre'blanche, Izerka Swart, Elizma Germishuys, Connie Fourie, Marina van Deventer, Cathy Muller, Annabe Muller. Voor: Nonna Roos en Corlia Saaiman.*

# KENNISGEWINGS

## GEREGTELIKE VERKOPING

**Saak No. 43/2022**
In die Landdroshof vir die distrik Heilbron, gehou te Fezile Dabi.
**TUSSEN: BEN SLABBERT** *Eiser*
en
**NR FERNDALE** *Verweerder*
Ingevolge 'n Vonnis gelewer op 17 Maart 2023, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uigereik, word die goedere beskryf in eksekusie verkoop te Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron op die 23ste dag van Oktober 2023 om 13:15, aan die hoogste bieër:
**GOEDERE**
**1. SAMSUNG DIAMOND DRUM TOP LOADER**
**2. BOSCH TUIMELDROEËR**
**3. HOUTTAFEL EN 2 STOELE**
**4. SILWER YSKAS WATERDISPENSER**
**5. 1 X SITKAMERSTEL**
**6. DEWAL KOOLSTOOF**

1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a
   - 2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008. (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961)
   - 2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adres besonderhede
   - 2.3 Betaling van registrasiegelde
   - 2.4 Registrasievoorwaardes Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer Wynand Mienie.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en verkopingskoste volgens hofreëls, geld.

Gedateer te Heilbron op die 14de dag van September 2023.
**(GET) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON**
**TEL NO. 058 852 2816**
**FAKS NO. 0866650816**
**E-POS: jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: SLA8/0001/JHJ/cm**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937; of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER TE12932/2009**
Passed by:
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of:
**1. DAVID MLANGENI**
**Identity number: 750610 6038 085**
**Unmarried**
**and**
**2. NTSOAKI ALINA MOFOKENG**
**Identity number: 740704 0304 081**
**Unmarried**
in respect of:
**ERF 1959 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 363 (THREE HUNDRED AND SIXTY THREE) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER TE 12932/2009, which has been lost or destroyed.**
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at HEILBRON on this 29th of September 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: MLA4/0001/JHJ/mp**

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

**HOU HEILBRON SKOON**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937; of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER TE2697/2005**
Passed by:
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of:
**MONYADUWA PAULINA MOHLOKOANE**
**Identity number: 381225 0551 087**
**Unmarried**
in respect of:
**ERF 229 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 476 (FOUR HUNDRED AND SEVENTY SIX) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER TE2697/2005, which has been lost or destroyed.**
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at HEILBRON on this 29th of September 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: MOH15/0001/JHJ/mp**

*Hoërskool Heilbron*

## ONDERWYSPOS

**BEHEERLIGGAAMAANSTELLING**

**Wiskunde:**
**Intermediêre- en Seniorfase**
**Aanvangsdatum 1 Januarie 2024**

**Sluitingsdatum vir aansoeke:**
**27 Oktober 2023**

**Dokumentasie benodig:**
Matrieksertifikaat
Onderwysgraad-/diploma
Akademiese rekord
Sport- en Kultuursertifikate
SACE-/SARO-Sertifikaat
Identiteitsdokument

Rig volledige aansoek aan:
dk@hsheilbron.co.za

**Navrae:** Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za







# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

# TE KOOP

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**TE KOOP**
Voer te koop.
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
K0597

**WEIDING TE HUUR**
700Ha weiding te huur, Gottenburg omgewing in Heilbron distrik.
Onmiddelik beskikbaar.
50Ha aangeplante weiding.
Res is natuurlike veld.
*Skakel 082 467 2544 vir meer inligting.*

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***






# HERALD *Sport*

# So rol ons besighede

Gesien in die lig van al die manewales voor en tydens die besigheidsliga se wedstryde, is dit duidelik hierdie is 'n jaarlikse vreugde.

Daar word gekorrel, gerol en gelag, maar onder die plesierigheid is daar ook 'n goeie skeut ernstigheid, want dit is 'n mooi trofee wat op die spel is en as jou besigheid se naam as wenner daaraan gekoppel word, dan is dit 'n bonus.

Na die eerste rondte wil dit al lyk of die span van Bayer dalk die regte doepa saamgebring het met Quad Squad net so 8 punte agter hulle, en asof afgespreek is die span van Bronnies net 8 punte agter Quad Squad.

Dit is te vroeg vir 'n voorspelling, maar so seker soos wat dit na Paul Kruger se verjaarsdag gaan reën, wil ek nou vir julle vertel hier kom 'n groot geveg. Gig en JCB staan elk op 8 punte, en as Gig hulle seine reg kry en JCB gooi die regte kunsmis, wel dan is 8 punte op die telbord nie te versmaai nie.

Ek sal julle op hoogte hou omtrent hierdie drama wat hom weekliks daar op die rolbalbaan afspeel.

Soos verlede week berig, was RJ Muller gekies as tweede vir NVS se onder 30 viere span vir 'n toernooi wat die afgelope naweek by Klerksdorp Rolbalklub aangebied is.

Vir 'n jongman wat minder as 'n jaar rolbal speel, was sy spel en deelname as lid van die NVS span uitstekend. Om reg te laat geskied aan sy deelname, moet ons kyk na die uitslae van die verskillende wedstryde.

Dag 1: Verloor teen Noordwes B op die laaste kop.

Wen albei wedstryde teen Ekurhuleni en Port Natal.




Wat die wen teen Port Natal noemenswaardig maak, is dat Port Natal in die finaal geëindig het.

Dag 2: Verloor teen Limpopo B: "Man of the match vir NVS."

Wen hulle wedstryd teen Suid Vrystaat: "Man of the match vir NVS."

Verloor teen Mpumalanga.

Dag 3: Verloor teen Eden B op die laaste kop.

Verloor teen Gauteng Noord: "Man of the Match" vir NVS.

Wedstryd teen Namibia word halveer maar NVS wen die "skins".

Weereens "Man of the match" vir NVS.

Aan die einde van die toernooi eindig RJ as algehele "Man of the match".

As 'n uitstekende gholfspeler glo ek dat RJ ook in die toekoms sal voortbou op sy goeie rolbalspel en sal sy vordering goed dopgehou word, veral deur sy grootouers Dolly en JC Pretorius.

# Heilbron duiwenuus

Die wedvlugte wat verlede Saterdag vanaf Beaufort-Wes sou plaasvind is afgestel as gevolg van gure weervoorspellings. Die duiwe is Vrydag 07:15 en 07:45 op Hanover gelos. Die 540km is in 7½ afgelê. Dr Piet van Zyl (Zenith) het albei wedvlugte gewen.

**HANOVER OPE 1**

1. Zenith A, 2. D Cilliers, 3. Zenith A, 4. D Cilliers, 5. Zenith A, 6. Zenith A, 7. D Cilliers, 8. Zenith B, 9. F Viviers, 10. D Cilliers.

**HANOVER OPE 2**

1. Zenith A, 2. Zenith A, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5. D Cilliers, 6. D Cilliers, 7. Zenith A, 8. D Cilliers, 9. Zenith B, 10. D Cilliers.

# Draf vir Erfenisdag

'n Groep Heilbronners het die naweek hul Erfenisdag in Johannesburg gevier deur deel te neem aan die ABSA Run Your City, en 'n 10 km wedloop te hardloop. Hierdie passievolle lopers was deel van 'n indrukwekkende menigte van ongeveer 11 000 energieke deelnemers.

Gift Roets, 'n jaarlikse deelnemer aan die geleentheid, het vertel dat dit 'n onvergeetlike ervaring is en een van die mees aangename wedlope is waarin hy deelneem.



*Op die foto van links: Tselane Hlahane, Cecilia Mlangeni, James Moloi (President van Atletiek Suid-Afrika), Sheldon Pienaar en Gift Roets.*








**WINKELURE**

Maandae - Donderdae:
07:30 - 17:00

Vrydae:
07:30 - 16:30

Saterdae:
08:30 - 13:00

Herald
Office National
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 2 OKTOBER 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 3 OKTOBER 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

**WOENSDAG - 4 OKTOBER 2023**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM STOET
11:00, Niekerksrust, Viljoenskroon
Kontak Danie de Wet 082 778 4537

**DONDERDAG - 5 OKTOBER 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

LADYSMITH: 15DE BESSIESFONTEIN PRODUKSIEVEILING
150 Dohne Merino skape
11:00, Bessiesfontein
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**VRYDAG - 6 OKTOBER 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 7 OKTOBER 2023**

POTCHEFSTROOM: RUSWATER DORMERS PRODUKSIEVEILING
N12 Rural 1, Potchefstroom
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

